## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**VLAK 5 WATERBEPERKINGS \ LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS \ INQUBO 5 UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. H Kröhn | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. DJ Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Me. Z Julius | : | Interne Ouditeur: Assistent |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

AKSIE

**RVN001/10/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker lees 'n dagteks voor en open die vergadering met gebed, waarna hy almal teenwoordig verwelkom.

***

**RVN002/10/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Adv. H Linde – SALGA "Western Cape Prov. Assembly" – Beaufort West
Rdl. MA Wessels – SALGA "Western Cape Prov. Assembly" – Beaufort West
Rdl. J Daniels – SALGA "Western Cape Prov. Assembly" – Beaufort West
Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**RVN003/10/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot items op die agenda het nie.

Raadsheer Swart en Raadslid Claassen verklaar dat hulle 'n kollektiewe belang het met betrekking tot item 006: "Verhaling van Werkloosheidsversekeringfondsbydraes vir Raadslede".

***

**RVN004/10/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 26 September 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN005/10/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017: RVN011/09/2017: VERSOEK VIR GROND IN VELDDRIF/LAAIPLEK**
**3/3/2/2**

Raadslid Claassen bedank die Administrasie vir die spoedige opvolg/reaksie met betrekking tot die beskikbaarstelling van grond vir die bou van gemeenskapsfasiliteite in Noordhoek, Velddrif.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste stel voor dat die White Dove-kleuterskool 'n skrywe rig aan Bergrivier Munisipaliteit met betrekking tot die geadverteerde insetprys.

Verdere insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die White Dove-kleuterskool in Noordhoek 'n skrywe rig rakende hul voorstelle oor die insetprys van die geïdentifiseerde erf.

***

**RVN006/10/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2017: TERUGVOERING: VERHALING VAN WERKLOOSHEIDS-VERSEKERINGSFONDSBYDRAES VIR RAADSLEDE**
**5/11/2/5**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste gee terugvoering met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die vordering ten opsigte van die proses van die verhaling van werkloosheidsversekeringfondsbydraes vir Raadslede.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN007/10/2017**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017: VISHUISPERSEEL NO.4, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN): TOESTEMMING VIR SEDERING/ ONDERVERHURING V486; SEKURITEITE (RVN012/09)**
**17/12/3/2**

Raadslid Claassen lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die Raad in dat die voorlegging/aanbieding met betrekking tot die erfenisproses van Bokkomlaan by die volgende Raads-vergadering voorgelê sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/10/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LIEF**

- Dat Raadsdame Crafford op Donderdag 09 November 2017 verjaar;
- Dat Raadslid Claasen op Vrydag 10 November 2017 verjaar;
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste op Dinsdag 28 November 2017 verjaar; en
- Dat gelukwensing en goeie gesondheid toegewens word vir Mev. Martins, ′n inwoner van Porterville (Wyk 1), wat haar 101 ste verjaardag vier op Sondag 05 November 2017 en dat die Uitvoerende Burgemeester ‘n welwillendheidsbesoek by haar sal aflê.

**LEED**

- Dat die moeder van die Uitvoerende Burgemeester oorlede is op Dinsdag 24 Oktober 2017;
- Dat oud-Raadslid Snyders (Me) (vorige termyn) se moeder oorlede is op Maandag 30 Oktober 2017; en
- Dat Mnr. Jeremy Cloete op Sondag 15 Oktober oorlede is.

Die Speaker simpatiseer met die bedroefde families en wens hulle sterkte toe, waarna ′n oomblik van stilte gehandhaaf word.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/10/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN010/10/2017**
**MOSIES / VRAE: SEMI-FORMELE SOMERKLEREDRAG VIR MANLIKE RAADSLEDE EN AMPTENARY BY RAADSVERGADERINGS**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Met toestemming van die Speaker, lig Raadsdame Smit die Raad in oor die mosie rakende somer-kleredrag vir manlike Raadslede asook Amptenare en versoek dat die Raad eenparig toestemming verleen dat hulle semi-formeel geklee kan wees tydens Raadsvergaderings.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat toestemming verleen word dat die toekomstige kleredrag vir manlike Raadslede/Amptenare by Raadsvergaderings semi-formeel sal wees en sluit nie T-hemde, “jeans” en party-politieke drag in nie.

***

**RVN011/10/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VAN DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: VLAK 5 – WATER-BEPERKINGS**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna hy die Raad deur die kennisgewing en kommunikasieplan van Bergrivier Munisipaliteit neem.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Raadslid Claassen versoek dat ′n ondersoek gedoen word en ‘n verslag voorgelê word oor hoeveel meters onleesbare lesings gee asook die koste implikasie, rakende die opgradering daarvan.

Die Speaker doen ′n beroep op die Wyksraadslede om tydens alle publieke vergaderings die kwessie met betrekking tot die waterkrisis verder te bespreek.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n ondersoek doen en ‘n verslag met betrekking tot hoeveel meters onleesbare lesings gee asook die koste implikasies, rakende die opgradering daarvan.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN012/10/2017**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: ′N GEDEELTE VAN PLAAS GROOTE FONTEIN NO. 241, AFDELING PIKETBERG (MEENT) (LÊER VERW.: PLAAS NO.241)**
**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) nie benodig word vir die lewering van munisipale dienste vir die betrokke tydperk nie;
2. Dat ′n Gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) ooreenkomstig die liggingsplan, verhuur word aan Mnr. H Eksteen (Melkbosfontein Trust) vir 30 dae nadat die Munisipale Bestuurder die huurkontrak onderteken het;
3. Dat daar ten alle tye toesig deur die huurder sal wees wanneer die gedeelte grond bewei word;
4. Dat die munisipaliteit nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade of verliese gelei deur die voorgestelde verhuring van grond nie;
5. Dat die perseel ontruim word 30 dae nadat die huurkontrak deur die Munisipale Bestuurder onderteken is; en

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

6. Dat die Raad se voorneme om die Gedeelte van Plaas Groote Fontein No. 241, Afdeling Piketberg (Meent) teen 'n minimale bedrag van R1-00 te verhuur vir 'n tydperk van een (1) maand, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, voortgegaan word met die verhuring.

***

**RVN013/10/2017**
**<u>INTRODUCTION OF PROPOSED AMENDMENTS TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING</u>**
**15/1/7**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the content of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) amendments to the By-law on Municipal Land Use Planning be made;
3. That in terms of section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amendments to the By-law on Municipal Land use Planning be published for public representations; and
4. That the proposed amended By-law on Municipal Land Use Planning and any representations received, be submitted to Council for consideration after publication thereof (as contemplated in par. 3 above) has been completed.

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

***

**RVN014/10/2017**
**<u>REGIONAL SOCIO-ECONOMIC PROGRAMME (RSEP) IN PIKETBERG: CONFIRMATION OF SUPPORT FOR RSEP PROJECTS AND LOCATIONS & ENDORSEMENT OF THE RSEP PROGRAMME: PROCESS FOR IMPLEMENTATION IN BERGRIVIER MUNICIPALITY</u>**
**9/2/1**

Alderman van Rooy gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That support for the RSEP projects and its locations, identified by the community through the IDP compilation process and prioritized by the Ward Committee Members, **be confirmed,** considering the objectives of the RSEP Programme; and
2. That the RSEP Programme: Process for Implementation in Bergrivier Municipality **be endorsed.**

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

***

**RVN015/10/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

The Director Financial Services gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for August 2017.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN016/10/2017**
**KONSEP PRESTASIE-BESTUURSBELEID**
**4/7/6**

Die Bestuurder Strategiese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die Prestasie-Bestuursbeleid goedkeur.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN017/10/2017**
**HOUSE SHOP POLICY**
**15/1/7**

Alderman van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by the members of Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the House Shop Policy for Bergrivier Municipality be approved;
2. The moratorium on the consideration of house shops as imposed by the Mayoral Committee via decision no. BKN013/10/2015 of 17 November 2015, be suspended to allow the consideration of house shop applications in terms of Bergrivier Municipality By-law Relating to Municipal Land Use Planning, taking into consideration the provision in the Zoning Scheme By-law as well as this House Shop Policy, and any other legislation which may be applicable;
3. That the current updated inspection report regarding the illegal house shops in Bergrivier Municipality be presented to the Executive Mayoral Committee after completion; and

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

4. That a strategic session regarding the illegal house shops in Bergrivier Municipality take place between the Executive Mayoral Committee members, Municipal Manager and the Directors.

***

**RVN018/10/2017**

**2017/18 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2017 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

**15/1/5/5**

The Manager: Strategic Services gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July 2017 – 30 September 2017) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN019/10/2017**

**PRESTASIEBEOORDELING ARTIKEL 57-POSTE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2016 TOT 30 JUNIE 2017**

**4/7/6**

***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasiebeoordeling Artikel 57-Poste vir die tydperk 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN020/10/2017**

**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017**

**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesters-komitee se vergadering gehou op Dinsdag 29 Augustus 2017.

***

**RVN021/10/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 14 SEPTEMBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesters-komitee se vergadering gehou op Donderdag 14 September 2017.

***

**RVN022/10/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesters-komitee se vergadering gehou op Dinsdag 26 September 2017.

***

**RVN023/10/2017**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker versoek dat elke Wyksraadslid ‘n verslag voorlê by die volgende Raadsvergadering rakende die rapportering oor die wykskomiteevergaderings van die afgelope drie (3) maande.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN024/10/2017**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN025/10/2017**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:45***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

________________ ________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***